Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**SENIOR FASE**

**GRAAD 9**

**NOVEMBER 2016**

# SOSIALE WETENSKAPPE
# GESKIEDENIS
# MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: NAZI-DUITSLAND EN DIE KOUE OORLOG

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | *Mein Kampf* √√ | (1 x 2) | (2) |
| | 1.1.2 | Ariese √√ | (1 x 2) | (2) |
| | 1.1.3 | Die Groot Depressie √√ | (1 x 2) | (2) |
| | 1.1.4 | Die Magtigingswet √√ | (1 x 2) | (2) |
| | 1.1.5 | Die Jodeslagting √√ | (1 x 2) | (2) |
| 1.2 | 1.2.1 | A uraanbom/kernbom/atoombom √√ | (1 x 2) | (2) |
| | | B Amerika het die atoombom in die geheim ontwikkel. √√ Die kode-naam van die projek was die *Manhattanprojek*. √√ | (2 x 2) | (4) |
| | 1.2.2 | A Enola Gay √√ | (1 x 2) | (2) |
| | | B Kernoorlogvoering √√ | (1 x 2) | (2) |

1.2.3 Redes hoekom die VSA die bom laat val het:

- Om die oorlog in die Stille Oseaan te beëindig aangesien Japan geweier het om oor te gee. √√
- Die VSA wou nie meer soldate ontplooi nie. √√
- Kommer dat daar onderhandeling tussen Japan en die USSR was. Die VSA wou nie hulle mag in die Stille Oseaan verloor nie.
- Om die atoombom te toets.
- Wraak vir die *Pearl Harbour* voorval. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 Leerder moet hul standpunt verdedig. Hulle moet ŉ logiese argument gebruik.

**Keuse 1:** Dit was moreel verkeerd om die bom af te gooi. √ (1)

- Dit was wreed en baie mense het gely. √
- 70 000 mense het onmiddellik gesterf. √
- Baie het later aan bestralingsiekte gesterf. √
- Die Japannese is nie gewaarsku oor die bom nie. √
- Burgers (van alle ouderdomme) en nie net soldate nie, het gely. (Enige 3 x 1) (3)

**OF**

**Keuse 2:** Dit was nie moreel verkeerd om die bom af te gooi nie. √ (1)

- Die VSA het geglo dat die Japannese nie wou ophou veg nie. √
- Mense in Europa en die VSA was moeg vir die oorlog en wou hê dat die oorlog vinnig moet eindig. √
- Die VSA het baie geld en moeite met die ontwikkeling van die bom gespandeer en wou met hierdie vorm van oorlogvoering eksperimenteer. √
- Die VSA wou hul oorheersing in die Stille Oseaan vestig. √ (Enige 3 x 1) (3)

**Puntetoekenning:**
Een punt vir die leerder wat die keuse maak.
Drie punte toegeken vir 3 relevante antwoorde. 1 + (3 x 1) (4)

1.3 1.3.1 Die Koue Oorlog was ŉ tydperk van ideologiese konflik tussen die VSA en USSR. √ Alhoewel die twee magte nooit oorlog teen mekaar gemaak het √ het hulle oorloë tussen ander lande, wat hul ideologie ondersteun het, aangemoedig. √ (3)

1.3.2 Die beer wat USSR verteenwoordig probeer om die wêreld oor te neem. Was ŉ boelie. Wou meer land oorneem. √√

Enige logiese verduideliking wat met die spotprent verband hou (Enige 1 x 2) (2)

1.3.3 Die USSR het beheer van ŉ aantal Oos-Europese lande (die donker gebied) oorgeneem en het geweier om te onttrek. √√ (1 x 2) (2)

**[35]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 2: KEERPUNTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS SEDERT 1948

2.1 2.1.1 D √ Hierdie wet het seksuele omgang tussen wit- en swartmense verbied

2.1.2 A √ Hierdie wet het die fisiese verdeling tussen rasse afgedwing deur afsonderlike woongebiede te skep

2.1.3 E √ Hierdie wet het segregasie in alle openbare gebiede en openbare vervoer afgedwing

2.1.4 B √ Hierdie wet het voorsiening vir die vestiging van swart tuislande gemaak

2.1.5 C √ Hierdie wet het tot die skep van ŉ nasionale register gelei waarin elke persoon se ras aangeteken is (5 x 1) (5)

2.2 2.2.1 Kliptown √ (1)

2.2.2 Kongres van die Mense/lede van die politieke opposisie √ (1)

2.2.3 Ideale vir toekomstige leierskap √ Ideale vir toekomstige bestuur in Suid-Afrika √ om menseregte te bepaal. √ (Enige 1 x 2) (2)

2.2.4 Die mense sal regeer/Alle nasionale groepe het gelyke regte/Almal sal in die rykdom van die land deel/Die land sal tussen die werkers verdeel word/Almal sal gelyk voor die reg wees/Daar sal werk en sekuriteit wees/Die deure van leer en van kultuur sal oopgemaak word/ Daar sal vrede en vriendskap wees.
(Enige twee relevante terme van die Vryheidsmanifes). (Enige 2 x 2) (4)

2.2.5 Die polisie het lede van die politieke opposisie in hegtenis geneem √ en hulle van hoogverraad beskuldig. √ (1 x 2) (2)

**[15]**

## VRAAG 3: KEERPUNTE IN SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS SEDERT 1960

3.1 3.1.1

| | | | |
|---|---|---|---|
| **21 Maart Menseregtedag** | Hierdie dag is ter herdenking van die Sharpeville-slagting, ʼn protes teen die paswette. √√ | (1 x 2) (2) | |
| **27 April Vryheidsdag** | Herdenking van die land se eerste demokratiese verkiesing in 1994. √√ | (1 x 2) (2) | |
| **9 Augustus Nasionale Vrouedag** | Om die optog van 20 000 vroue van alle rasse na die Uniegebou met ʼn petisie teen paswette te herdenk. √√ | (1 x 2) (2) | |
| **21 September Nasionale Erfenisdag** | Herdenking van die Suid-Afrikaanse erfenis. Dit is nou bekend as Nasionale Braaidag. √√ | (1 x 2) (2) | |
| | | (Enige 3 x 2) | (6) |

3.1.2

| | | | |
|---|---|---|---|
| **21 Maart Menseregtedag** | Dit is belangrik om diegene wat in hulle stryd vir menseregte in Suid-Afrika hul lewens verloor het te onthou. √√ (Enige relevant antwoord). | (1 x 2) (2) | |
| **27 April Vryheidsdag** | Vir baie volwassenes in Suid-Afrika was dit die eerste keer dat hulle gestem het. Dit was ʼn baie trotse tydperk in ons geskiedenis. √√ | (1 x 2) (2) | |
| **9 Augustus Nasionale Vrouedag** | Dit is belangrik om die rol van vroue in die politiek in erken. √√ | (1 x 2) (2) | |
| **21 September Nasionale Erfenisdag** | Moedig Suid-Afrikaners aan om saam te staan en ons ryk kulturele erfenis en verskille te vier. (Reënboognasie). √√ | (1 x 2) (2) | |
| | | (Enige 3 x 2) | (6) |

3.2 3.2.1
- Die uitdrukking op hul gesigte som die gruwel van die situasie op. √√
- Skoolkinders is geskiet. √√ (Enige 1 x 2) (2)

3.2.2
- Moeilike vakke soos Wetenskap en Wiskunde was in Afrikaans gegee. √√
- Die aanhouding van sommige onderwysers en leerders sonder verhoor. √√
- ʼn Protes teen Bantoe-onderwys. √√ (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 Hulle het op leerders geskiet. √√ (1 x 2) (2)

3.2.4
- Die polisie het op onskuldige kinders/leerders geskiet. √√
- Leerders het nie wapens gehad nie. √√ (Enige 1 x 2) (2)

3.3 3.3.1 A Primêr √√ (1 x 2) (2)

B Dit is teks uit ŉ onderhoud in 1984. √√ (1 x 2) (2)

3.3.2 A **Gedwonge verskuiwings**
Die Apartheidsregering wou swart gemeenskappe uit sekere gebiede in Suid-Afrika verskuif √√ na gebiede wat deur die regering identifiseer is. √√ (2 x 2) (4)

B **Die Tuislandstelsel**
ŉ Tuisland was ŉ gebied of streek √√ wat in Suid-Afrika opsy gesit is vir ŉ spesifieke kulturele groep swartmense √√ in Suid-Afrika. √√ (2 x 2) (4)

C **Die Trekarbeidstelsel**
Arbeiders werk op ŉ kontrak. √√ Arbeiders kan nie in die gebied van werk permanent bly nie. √√ (2 x 2) (4)

3.3.3 Die demokratiese verkiesing in 1994 √√
Nasionale Party het die verkiesing verloor √√ en die ANC het die regering oorgeneem √√ (Enige 2 x 2) (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 90**

**AFDELING B**

**VRAAG 4: PARAGRAAFVRAAG**

4.1 **Hoofman Albert Luthuli**

- Het in 1945 by die ANC aangesluit.
- Hy is in 1951 as Natal se Provinsiale President van die ANC verkies.
- In 1952 hy het ŉ belangrike rol in die Versetveldtog gespeel
- ŉ nie-gewelddadige protes teen paswette.
- In 1952 is hy uit sy pos as hoofman ontslaan omdat hy geweier het om sy teenkanting teen Apartheidwette te staak.
- Hy is in 1952 as president-generaal van die ANC verkies.
- Die regering het gereageer deur ŉ verbod op Luthuli, Mandela en baie ander lede te plaas.
- Sy verbod is in 1954 opgehef. In 1956 is hy in hegtenis geneem en van hoogverraad aangekla.
- Hy is in 1957 vrygestel as gevolg van ŉ gebrek aan getuienis.
- In 1955 en 1958 is hy herkies as president van die ANC.
- In 1960 het hy ŉ protes teen die Sharpeville-slagting gelei. Hy is na Pretoria ontbied. Onluste het uitgebreek.
- Luthuli het sy pasboek verbrand. Hy is in hegtenis geneem. ŉ Noodtoestand is deur die regering verklaar. Hy is vrygelaat en was beperk tot sy huis in KwaZulu-Natal.
- In 1961 Hoofman Albert Luthuli is bekroon met die 1960 Nobelprys vir Vrede vir sy rol in die stryd teen Apartheid.
- In 1962 het hy sy outobiografie "*Let My People Go*" vrygestel.

(Enige vyf relevante feite)

**OF**

**Mahatma Ghandi**

- Mahatma Ghandi was die pionier van Satyagraha of passiewe weerstand.
- Hy het nie-gewelddadige betogings en burgerlike ongehoorsaamheid teen diskriminerende wette aangemoedig.
- Hy is een van die groot politieke en geestelike leiers van sy tyd beskou.
- Hy het sy hele lewe gewy om armoede te verlig, om vroue te bevry en om die kasestelsel in Indië te beëindig.
- Het in 1893 na Suid-Afrika gekom.
- Hy het vir 20 jaar teen diskriminasie in Suid-Afrika geveg voordat hy na Indië teruggekeer het.
- In 1908 hy het Indiërs verset teen die Asiatiese Wet op Registrasie deur stakings, om nie te registreer nie, en om hulle registrasie kaarte te brand.
- Sy idees van passiewe weerstand het die strategieë van die of Versetveldtog in 1952 beïnvloed.
- Gedurende die Versetveldtog het betogers paswette opgetree, het in wagkamers en treinwaens vir slegs blankes binne gegaan, het klokreëlings geïgnoreer, het weerstand- liedjies gesing en is in hegtenis vir ongehoorsaamheid geneem.

(Enige vyf relevante feite)

**OF**

**Helen Joseph**

- Helen Joseph was ʼn blanke Suid-Afrikaanse anti-apartheid aktivis.
- Sy was ʼn stigterslid van die "Congress of Democrats".
- Sy was een van die leiers wat die klousules van die Vryheidsmanifes in Kliptown in 1955.
- Sy beywer haar vir gelyke regte van swart vroue in Suid-Afrika.
- Sy het gehelp om die Federasie van Suid-Afrikaanse Vroue te vorm.
- Helen Joseph was een van die leiers wat ʼn optog van 20 000 vroue na die Uniegebou in Pretoria onderneem het.
- Hulle het op 9 Augustus 1956 teen paswette betoog.
- Vandag word hierdie dag as Vrouedag gevier.

(Enige vyf relevante feite) (Enige 5 x 2) (10)

4.2
- Op 2 Februarie 1990 het FW de Klerk (die destydse President van SA) ’n belangrike toespraak in die parlement gemaak.
- Die ANC, SA Kommunistiese party en die PAC is ontban en het toestemming gekry om as politieke partye te werk.
- Politieke gevangenes is uit die tronk vrygelaat.
- Die Apartheidsregering was bereid om met die ANC te onderhandel.

- Op 11 Februarie 1990 is Nelson Mandela uit die Victor Verster Gevangenis buite die Paarl vrygelaat.
- Oorsee gebeeldsend en duisende mense het langs die strate gestaan om Nelson Mandela te sien.
- Nelson Mandela het 27 jaar in die tronk spandeer.
- Na sy vrylating het Nelson Mandela leiers van die ANC in Lusaka besoek en die besluit is geneem om met die Apartheidsregering te onderhandel om Apartheid te beëindig.
- Nelson Mandela het ook oor die hele wêreld gereis om ondersteuning vir sy saak te kry.

- Tussen 1990 en 1994 het onderhandelinge plaasgevind.

- Sommige groepe het probeer om vreedsame onderhandelinge te voorkom. Hulle het hulle bes probeer om ’n burgeroorlog te ontketen. Dit was ’n baie gespanne tydperk.
- Chris Hani, leier van die MK en die SAKP, is vermoor. Dit het amper die vreedsame onderhandelinge tot ’n einde gebring.

- Gesprekke het voortgegaan, hulle is KODESA (die Konvensie vir ’n Demokratiese Suid-Afrika) genoem.
- 19 politieke partye het uiteindelik tot ’n ooreenkoms gekom dat Suid-Afrika: ’n nie-rassige demokrasie, en vir die bevordering en beskerming van menseregte, gelykheid en waardigheid vir alle mense.

- Die eerste demokratiese verkiesing is op 27 April 1994 gehou.
- Vandag vier ons dit as Vryheidsdag.
- Baie volwassenes was opgewonde om vir die eerste keer in hulle lewe te stem.
- Dit was ’n dag van nasionale trots. Toue mense het buite stemlokale gewag om te stem.

(Enige 5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou